
DIE BLOEDBAD VAN GORAS
NO. 34
SAHARA-AVONTUUR REEKS
Meiring Fouché

In *Die Bloedbad van Goras* oortref Meiring Fouché homself. Die spanning laai so op dat dit naderhand amper onuithoudbaar word.

Teuns Stegmann, die lang blonde Afrikaner in die Vreemde Legioen, en sy maats kry te doen met die wrede Geheime Leër Organisasie van Algerië.

Met onbeskryflike moed en vernuf hou Teuns en sy vier maats 'n bende van twee honderd van hulle lyf af.

Maar uiteindelik word hulle oorweldig deur Igor Berthold, die wrede Fransman.

En nou wil Berthold vir Teuns gebruik om 'n fort van die Vreemde Legioen te laat oorgee. As Teuns nie help nie, skiet Berthold sy maats dood.

Sal Teuns hierdie verraad pleeg om sy boesemvriende te red?

Die ontknoping van hierdie verhaal is die genotvolste spanning denkbaar.

In die Bloedbad van Goras oortref Meing Fouché homself. Die spanning laai so op dat dit naderhand breekpunt bereik.

Teuns Stegmann, die lang blonde Afrikaner in die Vreemde Legioen, en sy maats kry te doen met die wrede Geheime Leer Organisasie van Algerie.

Met onbeskryflike moed en vernuf hou Teuns en sy vier maats 'n bende van twee honderd van hulle lyf af.

Maar uiteindelik word hulle oorweldig deur Igor Berthold, die wrede Fransman. En nou wil Berthold vir Teuns gebruik om 'n fort van die Vreemde Legioen te laat oorgee. As Teuns nie help nie, skiet Berthold sy maats dood.

Sal Teuns hierdie verraad pleeg om sy boesemvriende te red?Die ontknoping van hierdie verhaal is die genotvolste spanning denkbaar.



Die korterige gespikkelde slang is so woedend dat hy halflyf regop staan in die sand en blindelings rond en bont pik. Dit is 'n Sahara-adder en hy is dodelik giftig. Hy weet self nie wat met hom aan die gang is nie, want daar is 'n kring om hom. Dan word 'n swaar stewel na hom uitgesteek, dan word 'n hand tartend 'n entjie voor hom gehou. Hy pik woedend daarna. Af-en-toe slaan sy skerp giftande met 'n klap teen die dik sool van 'n stewel maar hierdie hande kan hy nooit raakpik nie. Net as hy daarna pik, word dit vinnig weggeruk.

Die Sahara-adder besef nie dat 'n patrollie van die Franse Vreemde Legioen wat agt dae deur die woestyn gestap het, eindelik vervelig word en op hierdie wyse vermaak soek op 'n tog wat waarlik nog niks opgelewer het nie. 'n Tog waarop die manne nog skaars 'n aasvoël gesien het. Verder het hul nog geen lewende wese teëgekom nie.

Hulle bevind hulle nou hier hoog op die kruin van 'n duin waarvandaan hulle die wêreld bespied. Dit is hier waar hulle die Sahara-adder half onder die sand ontdek het. Hy het op nerf na een van die manne gepik en daarom het hulle besluit om 'n bietjie sport te maak met hierdie inwoner van die troostelose landwoesteny.

Die waaghalsigste een in hierdie pretmakery met die adder, is manskap Petacci, die Italianer in die Franse Vreemde Legioen. Hy is so rats soos die dag lank is en af-en-toe waag hy dit om sy hand gevaarlik naby die woedende slang te bring. Wanneer die adder pik, pik hy in die lug.

„Jy kan maar dat hy jou pik Petacci," sê die groot Duitser Fritz Mundt. „Jy sal niks oorkom nie maar ek is seker die adder sal die moord steek."

Petacci steur hom nie daaraan nie. En Jack Ritchie, die Engelsman steek weer 'n slag sy stewel na die slang toe uit. En so gaan dit voort. 'n Paar manne om 'n woedende Sahara-adder.

Net een van die groepie neem nie deel aan hierdie gevaarlike sport nie. Hy sit 'n paar tree van die ander met die verkyker voor sy oë. Hy is 'n groot sterk man met blonde hare en deurdringende blou oë. Hy het 'n paar groot skouers, sterk bene en sy hele voorkoms is dié van 'n roekelose leier. Hy steur hom gladnie aan

die manewales met die slang nie. Hy neem maar net die Sahara op deur sy verkyker. Die Sahara is hier woedend. Dit is net 'n deurmekaar tuimeling van geweldige sandduine met klowe en hoogtes en dieptes byna soos berge. 'n Gevaarlike deel van die Sahara hierdie. Miskien daarom dat hulle juis hierheen gestuur is. Hulle vyf. Teuns Stegmann, die Suid-Afrikaner in die Vreemde Legioen en die man wat juis nou met die verkyker sit en kyk, Fritz Mundt, Petacci, Ritchie, en die Pool Podolski. Hulle vyf doen alles saam. Die bevel in die Fort Tetain weet dit ook. Daarom is hulle paar uitgestuur op hierdie patrollie. Daarom is hulle na hierdie gevaarlike streek gestuur. Hulle ken die Sahara en sy gevare soos die binnekant van hul hande. Hulle het baie ondervinding en hulle het al dikwels die dood deur die Sahara sien sluip.

Hierdie is weer die tyd van patrollies want die opperbevel van die Vreemde Legioen verwag dat daar iewers uitbarstings sal kom. Die hele Algerië is in beroering as gevolg van die optrede van die Geheime Leër Organisasie wat die onafhanklikheid wat aan Algerië toegestaan moet word, met hand en tand beveg. Hierdie paar manne het al gehoor van die bloedbad wat in Algiers aan die gang is waar die Geheime Leër Organisasie 'n roekelose sluipoorlog voer teen die Mohammedane. Daar is vrees dat die groot Arabierse stamme in die binneland in opstand kan kom en moontlik 'n volskaalse veldtog op tou kan sit teen die afgeleë forte van die Franse Vreemde Legioen. En die hemel weet, Fort Tetain, is een van die mees afgeleë. Dit lê ver in die suidwestelike deel van Algerië in die gevaarlike hart van die Sahara. Dit is afgesny van alles en almal. Geen mens weet waarom hulle nou juis 'n fort daar gaan bou het waar Tetain staan nie. Miskien is dit omdat die een of ander slimmerd uitgevind het dat daar water is. Miskien is dit omdat die plek so goed geleë is in 'n ronde insakking in die Sahara.

Teuns Stegmann, die Suid-Afrikaner, laat nie meer sy verkyker beweeg nie. Hy het al die hele horison opgeneem in die afstand hier voor hulle, maar nou kyk hy net op een plek. Hy kyk na 'n plek byna reg na die Suide. . .

Fritz Mundt, die Duitser met die bulnek, die man wat beskou word as die sterkste kêrel in die hele Vreemde Legioen, het moeg geword van die spelery met die Sahara-adder. Daarom kom hy oorgestryk na Teuns toe. Hy kom sit plat in die sand langs die





Suid-Afrikaner. Daar is 'n spesiale gevoel tussen Fritz en Teuns. Hulle is intieme makkers. Hulle twee, seker meer as enige ander twee man in die Vreemde Legioen, het al saam-saam die dodelikste gevare deurgegaan.

Fritz gaap 'n lang gaap. Toe strek hy hom op die sand uit. Hy sluit sy oë teen die skerp sonlig.

,,Wat kyk jy nog?'' vra hy vir Teuns. ,,Daar is tog niks te sien nie. Hierdie is seker die oninteressantste patrollie waaraan ek nog deelgeneem het. Dit lyk my die hele Sahara is dood. 'n Mens sien nie eens 'n sandrot beweeg nie. Dit lyk my selfs die aasvoëls het hier uitgevrek.''

,,Kyk 'n bietjie hier,'' sê Teuns. Fritz sit stadig op, vryf sy oë en vat die verkyker by Teuns.

,,Wat moet ek kyk?'' vra die Duitser.

Teuns Stegmann steek sy lang arm uit en met sy wysvinger beduie hy na 'n plek suidwaarts. ,,Kyk daarheen,'' sê hy ,,en sê vir my wat jy daarvan dink.''

Die Duitser bring die verkyker voor sy oë. Hy soek effens en toe sien hy dit. Toe weet hy dat die aasvoëls van die Sahara nie uitgevrek het nie. Wat hy sien, is aasvoëls wat beweeg. Hulle beweeg blykbaar laag oor die sand. Hulle draai en klim en daal en party gaan selfs in die sand sit. Vlieg dan weer op en draai maar weer.

,,Sien jy dit?'' vra Teuns.

,,Ek sien dit monami.''

,,Wat maak jy uit?'' vra Teuns.

,,Wel, ek weet nie,'' antwoord Fritz. ,,Dit lyk asof daardie aasvoëls agter iets aan is. Maar, as ek moet sê, dan leef hulle prooi nog. Hulle volg hom totdat hy lê.''

,,Dit is net wat dit is'' antwoord Teuns. ,,Aasvoëls wat so maak, wag dat hulle prooi moet stil lê.''

,,En die prooi?'' vra Fritz. ,,Wat dink jy is die prooi?''

,,Ek wens ek het geweet'' antwoord die Suid-Afrikaner. ,,Ja, ek wens ek het geweet.'' Hy vat die verkyker by Fritz, bring dit voor sy oë en kyk weer. Maar die malende aasvoëls het nou teen die skuinste van 'n duin af verdwyn en blykbaar het hulle nou een van die diep kolke bereik wat 'n mens so dikwels hierlangs in die Sahara kry. 'n Diep ronde kolk tussen die duine.

,,Gaan ons kyk?'' vra Fritz.

,,Ons gaan baie sekerlik kyk'' antwoord Teuns en staan onmiddellik op. As tydelike sersant is hy leier van hierdie patrollie.

Hy stap oor na die ander paar wat nog steeds besig is om hulle met die sandadder te vermaak.

,,Nou toe'' sê Teuns. ,,Dit is die einde van die kermis. Maak dood die slang Petacci. Ons moet trek.''

,,Trek?'' vra Podolski. ,,Waarheen trek? Nog verder suidwaarts?''

,,Daar is iets op die duine voor ons,'' antwoord Teuns.

,,Aha,'' sê Ritchie. ,,Uiteindelik 'n bietjie opwinding. Arabiere?''

,,Nee, nie Arabiere nie,'' antwoord Teuns. ,,Ek weet nie wat dit is nie. Die aasvoëls is besig om iets of iemand te dryf.''

,,Hoe interessant'', sê Petacci toe hy die sandadder 'n heftige skop met sy stewel gee. ,,Miskien is dit 'n verdwaalde Arabierse skoonheid met blou-swart hare en gitswart oë en 'n sluier oor haar lippe. 'n Skoonheid met bruin heupe en die pragtigste bene in 'n deurskynende ragfyn syromp. Hoe smaak dit vir jou Ritchie?''

,,Hou op van vroumense praat en trap die adder dood,'' waarsku Ritchie vir Petacci.

,,Kom, kom Petacci'' waarsku Teuns. ,,Ek wil nie nog met 'n man opgeskeep sit wat deur 'n sandadder gepik is nie. Maak vrek die slang.''

Petacci draai weg, gaan vat 'n bajonet, kom terug, hark die slang en toe die reptiel weer sy kop lig, kap Petacci die kop morsaf met die bajonet.

En 'n paar oomblikke daarna, gly hulle teen die skuinste van 'n duin af, gaan deur 'n diep kolk, klim anderkant uit en beweeg stadig in die rigting van die plek waar die aasvoëls laaste gesien is.

Die stilte in die Sahara is eienaardig. Dit is so intens. Alles is so roerloos. Selfs nie 'n skaduwee beweeg nie behalwe hulle eie skaduwees nie. Die manne het ook stil geword. Hulle het al geleer dat wanneer die Sahara op sy stilste is, hy soms op sy gevaarlikste kan wees. Elkeen is besig met sy eie gedagtes. Daar kan baie redes wees waarom die aasvoëls so beweeg. Miskien is dit 'n kolonie woestynrotte. Miskien 'n verdwaalde bok wat 'n mens soms nogal hier aantref. Of miskien die een of ander beseerde voël wat veg om





sy lewe teen die roofvoëls van die lug.

So probeer hulle daarvan wegkom. Maar hulle weet dat dit seker nie die geval is nie. As dit 'n beseerde roofvoël is, sal die aasvoëls hom pak. As dit 'n kolonie woestynrotte is, sal hulle hulle pak. As dit 'n beseerde of 'n verhongerde bok is, sal hulle op hom toesak.

Nee, dit is waarskynlik, baie waarskynlik, 'n mens.

So in die loop raadpleeg Teuns Stegmann die landkaart wat hy by hom het. In hierdie deel van die Sahara moet 'n man baie versigtig wees wat jy doen. Selfs die man met intieme ondervinding van hierdie onmoontlike gebied kan hier soms verdwaal dat hy nêrens uitkom nie. Daarom is 'n landkaart so noodsaaklik. Teuns weet dat hulle hier in die nabyheid moet wees van 'n oase met die naam Goras. So in die loop bepaal hy hul posisie en hy kyk waar Goras lê. Hy bereken dat hulle nie meer as sowat 'n dag se marsjeer van die oase af kan wees nie. Miskien 'n bietjie meer. 'n Dag en 'n half, of twee dae.

Goras word bewoon deur 'n redelik vredeliewende en rustige Arabierse stammetjie onder die Sjeik Abker. Dit alles weet Teuns want dit alles is aan hom meegedeel deur die bevelhebber van Fort Tetain.

Teuns moet ook die kaart raadpleeg want hulle is redelik onbekend in hierdie deel van die Sahara. Dit is die eerste maal na baie jare wat die vyf makkers na die Fort Tetain verplaas is. Gewoonlik is hulle by Fort Lavalle of by die suidelike hoofbasis van die Vreemde Legioen Dini Salam. Maar hierdie keer is hulle om die een of ander rede na Fort Tetain gestuur.

Vir hulle is dit 'n interessante ondervinding—as omswerwinge in die Sahara as interessant beskou kan word. Hulle beweeg graag deur onbekende dele om so nuwe ondervinding en nuwe kennis op te doen.

Duin op en duin af gaan dit. En nadat hulle byna 'n uur getrek het, sien hulle weer die aasvoëls. Hulle sien hulle opdraai uit een van die diep duike van die Sahara. Hulle is net agter die volgende duin.

Daar kom 'n drang in Teuns Stegmann om hom te haas. Hulle gly en glibber teen die hoë duin af, klouter vinnig teen die volgende een uit en hulle kom uitasem op die kruin aan van die hoë duin.

Hulle kyk af in een van die tipiese diep duike tussen twee duine.

Hulle oë vernou. Hulle bly botstil staan en toe gaan Teuns aan die hardloop die duin af. Met sy lang bene vat hy so hier en daar grond. Die ander volg hom ook. Hulle sien dat hul aanwesigheid dringend nodig is.

Daar onder in die duin lê 'n mens. Daardie mens word uitgetart deur die aasvoëls wat laag om hom heen draai, dan opskiet, dan weer afskiet. Dit is soos aasvoëls maak. Wanneer hulle sien dat hul slagoffer by die dood is, raak hulle steeds manhaftiger. Met hulle aanvalle en skynaanvalle, dwing hulle so 'n slagoffer om sy laaste kragte te gebruik om hulle te probeer afweer. Dit is wat hier aan die gang is. Die stomme figuur daar onder in die duin swaai elke keer die arms om die roofsugtige voëls weg te hou.

Terwyl hy nog die duin afhardloop, probeer Teuns vasstel wie en wat dit is wat daaronder so magteloos teen die aaklige monsters van die lug probeer veg. Dit lyk vir hom soos 'n Arabier maar hy kan nie baie seker wees nie.

Teuns en sy manne kom storm tussen die draaiende aasvoëls in, skreeu op hulle, swaai die gewere en verdryf hulle so. Die voëls is so manhaftig dat hulle net 'n endjie padgee en in die sand gaan neerstryk. Dit lyk asof hulle hulle vas verbeel dat hierdie slagoffer tog uiteindelik aan hulle sal behoort.

Teuns gaan val by die stil figuur op sy knieë neer en toe sien hy dat dit wel 'n Arabier is. 'n Arabierse man.

Hy sien nog iets. Die man lyk soos 'n skaapwagter. En hy is op die rand van die dood. Sy swart-bruin gesig is grys van pyn en uitputting. Hy lê half op sy rug en sy oë is net twee nou skrefies. Sy arms beweeg nog stadig asof hy nog die aasvoëls probeer wegdryf. Teuns vat sy hande vas, buig hulle af en lê hulle op sy bors neer. Hy sien dat die man se lippe beweeg. Stadig en krampagtig beweeg maar geen geluid kom uit hulle nie. Dit lyk asof hy iets wil meedeel.

Teuns skuif die donker gestreepte kleed van die maer bors en toe sien hy die liederlike skietwond hoog in die bors naby die sleutelbeen. Hy kan sien dat die skepsel baie gebloei het want sy hele liggaam en sy kleed is gekoek van die droë bloed.

,,'n Skietwond,'' sê Jack Ritchie wat ook hier by die gevalle man hurk. Hy sê dit asof dit nodig is om dit te sê. Enigeen kan sien dit is 'n skietwond en enigeen met kennis weet dat daardie koeël die stomme skepsel van agter getref het. Die wond vooraan die bors is groot en gapend en dit is waar die koeël uitgeruk het.





Teuns buk laag met sy oor digby die bewegende lippe om te probeer hoor wat die man sê. Dit is net 'n hees fluistering en dit is net een woord wat gefluister word: Goras.

Teuns praat op Arabiers. ,,Wat is dit van Goras?'' vra hy. ,,Sê vir my. Ons wil jou help. Ons is nie vyande nie. Wat is dit van Goras?''

Hy buk weer met sy oor feitlik teen die lippe van die man. Geswelde gebarste lippe wat getuig van 'n lang vlug deur die warm sand. Vlug sonder water of kos. Blindelingse beangste vlug. Geen man vlug deur die Sahara sonder water of kos tensy hy blindelings of beangs vlug nie. Maar al wat uitkom, is Goras.

,,Wie het jou geskiet?'' vra Teuns. ,,Sê vir my wie het jou geskiet?'' Maar hy hoor niks. Die lippe het stil geword. Die oë het oopgegaan en hulle kyk verskrik die lug in. In hulle het die angs versteen. Angs vir 'n onbekende gevaar.

,,Sê vir my, wie het jou geskiet?'' vra Teuns byna wanhopig.

,,Dit is nodeloos,'' sê Fritz Mundt. ,,Kyk na sy oë.''

Teuns sien dit self. Skielik, so skielik dat dit ongelooflik lyk het die oë gebreek. Hulle staar nou na die helder blou lug van die Sahara sonder dat hulle iets raaksien. Die mond is effens oop. Die hande lê stil op die bebloede bors.

Teuns voel nog aan die pols maar dié is stil. Die man het gsterf hier in 'n verlate duin in die Sahara en hulle weet nie waar hy gesterf het nie.

Hulle staan op en kyk om hulle heen. Die aasvoëls wag. Aasvoëls het 'n instink in verband met hierdie dinge. Hulle weet wanneer 'n slagoffer nie meer sal kan veg nie.

Met vreemde verbittering kyk Teuns na die roofvoëls wat so manhaftig sit en wag.

,,Hy is 'n skaapwagter,'' sê Podolski. ,,Dit is duidelik.''

,,Wie sou hom geskiet het?'' vra Petacci. ,,Wat sou die rede wees dat hulle hom geskiet het?''

,,Ek wens ek het dit geweet,'' antwoord Teuns. ,,Ja, ek wens ek het dit geweet Petacci.''

Hy stap 'n paar tree van die lyf af weg en toe beveel hy die manne om te kom grawe. Hulle grawe met hul bajonette want dit is al wat hulle het om mee te grawe. En daar in die duik lê hulle die stomme

vlugteling in sy vlak graf weg. Hulle maak dit in elk geval so diep as wat hulle moontlik kan. Toe gooi hulle hom toe. Sy verweerde kleed het hulle oor hom getrek sodat sy gesig minstens teen die sand beskerm sal wees.

En toe hulle klaar is, vat hulle sy waterbottel en sit dit op die koppenent van die graf. Dit is al wat hulle het om daar neer te sit.

Dit lyk asof die aasvoëls ook besef dat hier vir hulle niks oor is nie. Hulle vlieg die een na die ander op en klim hoog deur die stil warm lug.

Teuns kyk op teen die duin waarteen die onbekende slagoffer afgeworstel gekom het. ,,En nou?" vra Fritz.

,,En nou vat ons sy spoor," sê Teuns. ,,'n Arabierse skaapwagter word nie sonder rede doodgeskiet nie. 'n Arabierse skaapwagter vlug nie sommer blindelings deur die woestyn sonder dat daar 'n goeie rede voor is nie."

'n Rukkie bly hulle nog stil daar staan. Kyk na die plek waar die man gelê het. Kyk na die langwerpige hoop sand wat hulle oor hom opgestryk het en elkeen wonder waar hy vandaan kom, waarom hy hierheen gekom het en watter koeël dit is wat deur hom geskeur het.

Toe begin Teuns Stegmann stadig teen die duin uitklouter, gevolg deur sy paar manne. Hy dink daaraan hoe vreemd en geheimsinnig die Sahara soms kan wees en hoe wreed ook.

En toe hulle op die duin uitkom, sien hulle oor die volgende paar duine die patetiese spore van die vlugteling. Slingerende spore soos hy geveg het teen die agtervolgende aasvoëls.

En toe hulle daarna kyk, kry hulle almal die indruk dat hierdie spore hulle na 'n drama gaan lei wat nie een van hulle nou verstaan nie. Dit gaan hulle lei na 'n oplossing van een van die donker geheime van die sandwoestyn.





Vir die paar manne word dit 'n lang trek. Langer as wat hulle verwag het. Teuns Stegmann en sy vier makkers trek nie. Hulle bespied. Hulle betrag die omgewing ver en wyd om hulle want by Fort Tetain het hulle bevel gekry om hulle oë oop te hou vir enige verdagte beweging in die Sahara. Vir enige vreemde verskynsels.

Blykbaar is iets in die lug. Niks is aan hulle toevertrou nie maar hulle weet dat hulle nie die enigste patrollie is wat op hierdie oomblik deur die sand worstel nie. 'n Hele aantal ander klein patrollies is van Fort Tetain uitgestuur. Die bevelhebber daar, Luitenant Tino Armand is 'n intelligente en dapper man en die feit dat hy so baie patrollies tegelykertyd uitstuur, kan net een ding beteken en dit is dat hy iets agtergekom het. Dat hy 'n snuf in die neus het. Of dat hy moontlik inligtinge bekom het vanaf die hoofkwartier in Algiers.

Daarom dat die vyf manskappe hulle oë ophou noudat hulle die onbekende skaapwagter daar agter begrawe het.

Hulle volg sy spoor deur die sand en sy spoor openbaar aan hulle ook 'n belangrike verskynsel. Die eerste paar kilometer is dit duidelik dat die skaapwagter skaars kon beweeg. Hy het sy gepynigde bloeiende liggaam feitlik oor die sand voortgesleep. Op plekke is dit duidelik dat hy hande-viervoet gekruip het. Dan het hy weer geloop maar sy spoor slinger deur die sand. Hoe verder hulle vorder, hoe meer normaal word die spoor van die skaapwagter. Eindelik kan hulle sien dat hy hier reguit oor en sterk beweeg het. Hier en daar lê 'n bloeddruppel hard gekoek in die sand. Daar is plekke waar hy gerus het. Maar vir Teuns is dit heeltemal duidelik dat die man vir sy lewe gevlug het. Wanneer hy dit gewaag het om te rus, het hy die diep duike tussen duine uitgesoek. Hier waar hy normaal beweeg het, het hy klaarblyklik so beweeg dat hy so ver as moontlik onsigbaar sou bly. Hy het omtrent nooit regoor die kruine van duine beweeg nie. Hy het onder langs die voet van die duine gebly en het met die kepe, strate en klein valleie langs tussen die duine getrek. Op die wyse het hy baie selde bo-oor 'n duin gegaan en dit kan net een ding beteken naamlik dat hy bang was dat hy agtervolg word.

Hulle trek die res van die dag, dwarsdeur die nag en dit is die